# DIE STORMAGTIGE GRAAFF-REINET(TERS)

*(Enkele kultuurhistoriese grepe uit die lewe van die Graaff-Reinetters tot 1928)*

## *Inleiding*

'n Opskrif soos „Die Stormagtige Graaff-Reinet(ters)" is eintlik geregverdig, want in der waarheid was hierdie dorp en distrik deur storms en woelinge geteister — manifestasies van 'n volk in wording. „Die ondersoeker na die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk vind onwillekeurig sy aandag 'n besondere mate geboei deur die aanhoudende gisting en beweging wat daar te bespeur is onder 'n aansienlike gedeelte van die koloniste van Suid-Afrika gedurende die laaste kwart van die 18 eeu."[1] Hierdie opmerking van Beyers geld ook vir Graaff-Reinet; trouens hierdie „gisting en beweging" was vir die volgende eeu of langer, kenmerkend van die lewe van hierdie pioniers. Die stryd van die Graaff-Reinetters kan as duidelike spieëlbeeld dien van die Afrikanervolk in wording.

Teen die einde van die 18de eeu was daar hoofsaaklik vyf gemeenskappe in Suid-Afrika: Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Waveren, Swellendam en Graaff-Reinet. Ten opsigte van ons volkswording beweer Mulder: „Samevattend kan ons die drie afsonderlike gemeenskappe van Kaapstad, Stellenbosch en Graaff-Reinet in hierdie volgorde beskou as die trappe van vergelyking in die ontstaan van die Afrikaanse volk as 'n aparte eenheid met 'n eie identiteit."[2] Graaff-Reinet was die voorpos vir die trekpioniers, die soekers na vryheid, selfstandigheid en geluk. Hierdie dorp het geleidelik ontwikkel van standplaas tot 'n uiteindelike brandpunt van die Afrikaanse kultuurlewe in Oos-Kaapland en het besoekers soos Lichtenstein reeds teen die einde van die 18e eeu en later kon getuig van die Afrikaner se godsdienssin, konserwatisme, beginsel van rassesuiwerheid, indiwidualisme, eenvoud, geloof, Bybelgebondenheid en afhanklikheid van God, wat beslag gegee het aan sy volkskarakter.

Die invloed van die Patriotbeweging het daarbenewens wyd uitgekring en uit die eeue-oue credo: *vox populi, vox Dei* (die stem van die volk is die stem van God)[3] het beginsels soos burgerlike vryheid, volksverteenwoordiging in die Regering, Volkstem[4] ens. ontspring waarmee die V.O.C. en die latere regering deeglik moes rekening hou.

## *Ontstaan van Graaff-Reinet*

Graaff-Reinet, geleë aan die voet van Spandauskop, is in 1786 deur die toentertydse Goewerneur Jacobus van de Graaff tot afsonderlike distrik verklaar. Sodoende is die nuwe dorp na De Graaff en sy vrou, Rijnet, vernoem.

Van de Graaff was klaarblyklik 'n warmbloedige, opvlieëende man. Op 'n vergadering van die Politieke Raad in Kaapstad, 2 Julie 1790, het hy hom so vir Le Seuer, 'n lid van die Politieke Raad vererg, dat

---

[1] Beyers, Coenraad: *Die Kaapse Patriotte 1779-1791;* 1929, bl. xvii (Inleiding).
[2] Mulder, C. P.: *Die invloed van die Bybel op die ontstaan van die Afrikaanse volksaard,* Ph.D.-proefskrif (ongepubliseerd), 1956, p.61.
[3] Beyers, Coenraad: *t.a.p.*, bl. 199.
[4] *Ibid.*, bl. 190 e.v.

hy hom later in 'n aangrensende kamer met sy swaard te lyf gegaan het.[5] Le Seuer het sy ontkoming te danke gehad aan sy stewige wandelstok waarmee hy die aanslae van die verwoede De Graaf kon afweer.

Herman Otto Woeke was die eerste landdros van dié nuwe distrik en dit was o.a. sy taak om 'n terrein vir die nuwe dorpsaanleg uit te soek. Sy keuse het geval op die leningsplaas van Dirk Coetzee. Dit was vrugbare spoelgrond in die hoefysterkromming van die Sondagsrivier. Woeke se keuse getuig van versiendheid en goeie oordeel, want op hierdie strategiese terrein en vrugbare aarde het die dorp vinnig ontspring en gedy tot een van die fraaiste — allerweë bekend as die Kroon (of Pêrel) van die Karoo. Die skoonheid van hierdie dorp en sy omgewing het talle poëtasters na die pen laat gryp. Later, in 1854 het ene Frank, 'n lang „gedig" *(Poem on progress in Graaff-Reinet)* oor die dorp geskryf waaruit veel afgelei kan word aangaande die ingesetenes van Graaff-Reinet, sy huisbou, tuinbou, arbeid, demografie — kortom, sy vooruitgang op alle gebiede.

„Such success attends trade in this flourishing town, that
houses at high rent are let;
Many new ones are built for each one pulled down,
in this little known place, the gem Graaff-Reinet."[6]

Spoedig na die proklamasie van hierdie nuwe dorp, is 'n skoolgebou en 'n katkisasiemeester aangestel. In 1792 is ds. J. von Manger aangestel as eerste predikant van die nuwe gemeente en 'n klein, eenvoudige kerkie is opgerig.[7]

*Opstand teen die V.O.C.*

Die langdurige stryd van die boere teen die V.O.C.-amptenare in Kaapstad is bekend. Maar hierdie veeboere op die voorposte van die beskawing was blootgestel aan die ontsettendste gevare van volkome uitwissing deur Bantoes en Boesmans. Uit hierdie stryd het groot verbittering by die Graaff-Reinetters ontbrand. Die noodsaaklike beskerming van hulle lewens en eiendom van owerheidsweë het ontbreek. H. C. D. Maynier, wat vir Woeke opgevolg het as landdros, het geen begrip van die boere se behoeftes gehad het. Nog minder was hy in staat om netelige situasies met insig, simpatie en takt te hanteer. Onluste onder die Nie-blankes het voortgeduur. Moord op die Blankes was aan die orde van die dag, gepaard met roof en diefstal.

Die V.O.C. was onbevoeg om die grensboere se probleme op te los. Gevoelens het hoog geloop. Die Afrikaners was oortuig dat Maynier gekom het om „het volk" die „Spaanschen juk weder op te zetten."[8] Daarom was hulle nou onverbiddelik in hulle eis: Volkstem en volksverteenwoordiging in die hantering van hulle eie sake. „Met hierdie terloopse uitlating („Spaanschen juk . . .") het die Afrikaners van die verste uithoeke

---

[5] K. A. (Kaapse Argief): Notule van Politieke Raad, 2.7.1790.
[6] *Graaff-Reinet Herald,* 15 Februarie 1854.
[7] Brosjure: *Graaff-Reinet (1787-1962),* uitgegee deur die Kerkraad.
[8] Kaapse Argief; Verbatimkopie — V.C. 36.

van die Kaapse volksplanting geopenbaar hoe diep die geskiedenis van die Nederlandse volk nog in hul gees gewortel was."[9] Maynier was ewe vasbeslote om geen toegewings aan die opstandelinge te maak nie. Hy het egter die wyk geneem Kaapstad toe en O. G. de Wet, voorsitter van die Raad van Justisie, is na Graaff-Reinet gestuur om die Boere te gaan sus en die geskille by te lê. Maar ook hy het kennis gemaak met die onversetlike halsstarrigheid van die Graaff-Reinetters in hulle eis vir volksverteenwoordiging. De Wet weier hulle versoek en maan die Heemrade en krygsoffisiere tot kalmte. So maklik was dit egter nie en op 'n vergadering word 'n klagskrif, gedateer 16 April 1795, aan De Wet voorgelees. Weer eens toon dit dat die Graaf-Reinetters hulself nie net gespieël het in die geskiedenis en lotgevalle van Ou-Testamentiese Israel nie, maar ook in die lotgevalle van Nederland in sy stryd teen Spanje in die Tagtigjarige Oorlog. In hierdie klagskrif het die Boere dit veral gehou teen die gehate Maynier, wat vergelyk word met die Hertog van Alva. De Wet was ontoegeeflik; hy word onder dwang Kaapstad toe gestuur en die Graaff-Reinetters verklaar hulself onafhanklik „om onder onze vrije Republicq te willen sorteeren."[10] Ook ds. Von Manger kry die trekpas toe hy weier om die nuwe „vryheid" te erken.

*Britse Bewind*

Juis in dié stadium, toe goewerneur Sluysken se geduld met die Graaff-Reinetters breekpunt bereik het, is die Kaap in 1795 deur Engeland verower. Die Engelse bevelvoerder aan die Kaap, genl. J. H. Craig, het dan ook spoedig met die Graaff-Reinetters te doen gekry. Op 12 November 1796 het hulle 'n skrywe aan hom gerig waarin hulle griewe uiteengesit en eise gestel is — onder meer dat hulle kinders nie gedwing sou word om matrose te word nie, daar dit iets vreemds is aan die aard van hulle karakter![11] Hoe gou het die Geuse-nasate nie die see afgesterf nie!

'n Gees van verset is teen die Engelse bewind aangeblaas deur Adriaan van Jaarsveld; dog die nuwe landdros, F. R. Bresler, was vasberade om die opstandige Graaff-Reinetters te onderdruk en het by sy aankoms op die dorp die Britse vlag gehys, wat onmiddellik weer deur die ontstoke burgers gestryk is. Hierop het Marthinus Prinsloo die onrus verder aangevuur deur die Graaff-Reinetters te verbied om die eed van trou aan Engeland af te lê. Deur middel van hulle „volksrepresentanten" is Bresler oor hulle griewe ingelig.

Die Graaff-Reinetters het Craig en Bresler baie goed laat verstaan dat hulle Patriotte is, Afrikaners wat histories nie monargisties nie, dog republikeins veranker is. Soos hulle voorouers het ook hulle 'n diepe afkeer in koningskap gehad. Hulle erken geen aardse koning nie. In die Ou-Testamentiese geskiedenis het hulle hulle gespieël, en ook laat blyk

---

9 Scholtz, G. D.: *Die ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner;* Deel I, 1652-1806, 1967, bl. 315.

10 Van 'n selfstandige Republiek was daar nie sprake nie. Hulle het hulle regstreeks onder die Nederlandse Republiek geskaar.

11 Kaapse Argief: G.R. 8/1.

dat hulle 'n deeglike kennis van die Spaanse Inkwisisie gehad het en daaruit baie lesse geleer het.

Onverrigtersake is Bresler terug Kaapstad toe.

Inmiddels het die Graaff-Reinetters hulle selfbestuur voortgesit en Van Jaarsveld het die burgers gevra om hulle eed van trou aan die State van Holland te bevestig en te hernieu. Hier is nogeens 'n bewys dat die Graaff-Reinetters nooit konstitusionele bande met Nederland verbreek het nie.[12]

Genl. Craig het die burgers se achilleshiel getref deur alle ammunisietoevoer na Graaff-Reinet te staak. Hierdie maatreël het hulle tot tydelike oorgawe gedwing en Bresler is terug Graaff-Reinet toe. Maar Bresler was 'n gehate Anglo-man met min insig en nog minder begrip van en waardering vir die Afrikaner. Weer eens het die gees van die Patriotte gebotvier en reikhalsend het die burgers uitgesien na 'n bevrydingsgeleentheid. In 1799 is nog 'n poging aangewend. Die Britse militêre aanvoerder in die Kaap, genl.-maj. F. Dundas, was erg ontstoke en het die Boere bestempel as „the strongest compound of cowardice and cruelty; of treachery and cunning, and of most of the bad qualities, with few, very few of the good ones of the human mind."[13] Hy het 'n afdeling soldate onder bevel van genl. T. P. Vandeleur na Graaff-Reinet gestuur om die opstandelinge — merendeels van Bruynshoogte en die Suurveld — te gaan onderdruk. Op 20 Maart het Vandeleur sy intog in Graaff-Reinet gemaak. Hier vind ons nou reeds die eerste tekens en bewys van verdeelde lojaliteit[14] by die Afrikaner. Want waar die Graaff-Reinetters tot in daardie stadium onverdeeld en bankvas agter hulle leiers gestaan het, kry ons nou die eienaardige voorval dat Vandeleur gulhartig verwelkom word deur die burgers van die Sneeuberge met drie salvo's[15], terwyl die burgers van Bruynshoogte gereed was om Vandeleur met geweld te konfronteer.

*Houtkanon*

Uit 'n verhaal deur pres. F. W. Reitz, wat in April 1874 in die *Cape Monthly Magazine* opgeneem en later bevestig is deur navorsing van dr. D. R. Kannemeyer (*Graaff-Reinetter*, Sept. 1891), lui dit dat Vandeleur die aggressiewe burgers met 'n kanonskoot oor hulle koppe op loop gejag het. Die burgers het terdeë besef dat die „Bobbejaanboud" nie opgewasse was teen Bresler en Vandeleur se kanon nie. Daar was net een uitweg: hulle moes ook 'n kanon kry. En 'n boer maak 'n plan! 'n Reusagtige Camdeboo-stinkhoutstomp is uitgehol en met wabande versterk. Daarna is dit op twee wawiele gemonteer en na Semelspoorthoogte (die huidige Magasynheuwel) geneem. Dit was 'n „meesterstuk" — hulle enigste hoop om al wat Engelsman is op Graaf-Reinet uit te wis.

---

12 Scholtz, G. D., *a.w.*, bl. 361.
13 Aangehaal deur Scholtz, G. D. *a.w.*, uit Records III, bl. 58.
14 Vgl. Van Jaarsveld, F. A. en Scholtz, G. D.: *Die Republiek van Suid-Afrika*, 1966, bl. 35 e.v.
15 Kaapse Argief, B.O. 26, bl. 179.

Die kanon is gevolglik met vyf pond kruit, klippe, yster en potskerwe gelaai vir die genadeslag. Maar om die kanon af te vuur, was gevaarlik; daarom is daar lootjies getrek — en die lot het op Kobus Venter (snr.) geval. Hy het 'n diep gat agter die kanon gegrawe waar hy hom verskuil het nadat hy die voorslag van 'n lang sweep (met sweepstok!) op so 'n wyse aan die kanon vasgebind het, dat, sodra hy trek, die kruit op die zund-gat aan die brand sou slaan. Die dramatiese oomblik het aangebreek. 'n Geweldige ontploffing! Van die kanon was daar geen teken meer nie, maar die Engelse was wel daar.[16] Vervolgens kon Vandeleur op 10 April 199 berig dat 145 man van Bruynshoogte die wapens naargelê het.[17]

Die leiers van hierdie opstande, Adriaan van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo, is gevang en ter dood veroordeel, dog die vonnis is nie voltrek nie. Van Jaarsveld is in die Kasteel in Kaapstad oorlede.[18]

Die laaste gewapende opstand van die Graaff-Reinetters teen die Britse gesag, het in 1801 plaasgevind toe die Derde Grensoorlog aan die gang was. Die ongewilde Maynier is deur Dundas aangestel as resident-kommissaris van Graaff-Reinet en Swellendam. Dit het hom met buitengewone mag beklee. Dundas plaas Graaff-Reinet onder krygswet en doen die ongehoorde stap om 'n afdeling Hottentot-soldate (Pandoere) op die dorp te stasioneer. Dit was egter nie al nie. Die Pandoere het hulle intrek in die N.G. Kerk geneem. Die Afrikaner se plek van aanbidding word daarmee 'n barak vir vreemde soldate en 'n stal vir hul perde. Spoedig was die kerk se mure vol skietgate wat die Hottentotte vir hul selfverdediging deurgekap het. Dit, gepaard met die ongehoorde stap om Nie-blankes teen die Blankes te bewapen, was strydig met die Afrikaners se beginsels. Dit het hulle as Calviniste diep seergemaak. Hulle was in hulle eer gekrenk; die rassevraagstuk kom hier ter sprake. Skermutselings het plaasgevind. Op 8 Augustus 1802 het komdt. Tjaart van der Walt in 'n geveg met die Hottentotte gesneuwel. Die opstand is uiteindelik onderdruk. So word republikanisme gesmoor.

*Woelinge op Kerklike Gebied*

Soos reeds vermeld, is die drosdy op Graaff-Reinet in 1786 gestig. In 1887 het die inwoners van die gebied die Politieke Raad se toestemming gevra vir die bou van 'n eie kerk op Graaff-Reinet. (Tot 1843 was die predikante staatsamptenare). Die versoek is toegestaan en in Maart 1791 het Hermanus Tersmitten op Graaff-Reinet gearriveer as die eerste sieketrooster. In Maart 1792 is die eerste gemeente gestig met ds. J. H. von Manger as die eerste predikant (en Marthinus Wessel Pretorius eerste ouderling), waarna hy tot 1795, ten gevolge van die opstande en wrywing met die regering, Kaapstad toe is. Dit het meegebring dat die gemeente

---

[16] Die onverskrokke Kobus Venter is later deur kapt. Hope van die Koninklike Artillerie met 'n geskenk van 10 pond kruit en die volgende nota „vereer": „Van Kapt. Hope van Sy Majesteit se Artellerie, aan bombardies Kobus Venter."

[17] Kaapse Argief: B. O. 26, bl. 196.

[18] Theal, G. M.: *History of S.A. since 1795*, Deel I, bl. 87 en Brosjure: *Graaff-Reinetkerk;* 1792-1962.

drie jaar lank herderloos was. Ongelukkig het ds. Von Manger nie notule van sy herderlike werk gedurende sy ampstermyn gehou nie, ten gevolge waarvan kostelike inligting van kultuurhistoriese belang oor die pioniersjare van hierdie gemeente vir altyd verlore is.

Eers in 1798 is weer 'n vaste leraar in die persoon van ds. H. W. Ballot benoem. By sy aankoms het hy met 'n gemeente te doen gekry wat arm was en daarbenewens in 'n voortdurende staat van rebellie teen die owerheid verkeer het. Die eerste kerkgebou is inmiddels deur brand verwoes en 'n nuwe kerk moes gebou word. Vanweë die armoede van die gemeente, het die eerste kollektelyste maar 299 rijksdaalders (±R40) opgelewer. Dit was heeltemal ontoereikend vir die bou van 'n nuwe kerk. Toe die nood op sy hoogste was, was die uitkoms die naaste: ds. Ballot ontdek 'n klousule in die wet, waarkragtens iedere lidmaat by sy afsterwe 45c (3 rijksdaalders) aan die kerk verskuldig was! Dié „heffing" saam met 'n hernieude insamelingsveldtog, het voldoende fondse byeengebring vir die tweede kerk. Dit was hierdie kerk wat in 1801 as kaserne vir die Hottentotsoldate gebruik is en as stal vir hul perde. In 1824, twee jaar na die aanvang van ds. Andrew Murray se dienstermyn op Graaff-Reinet, is die derde kerk ingewy. Uiteindelik is die vierde kerk in 1887 gebou: die huidige een, bekend as die Groot Kerk — 'n sierraad in die middel van die dorp met 'n imposante struktuur en sierlike toring. Die konsistorie van hierdie kerk berg van die kosbaarste ou Kaapse silwer in ons land.[19]

By die lees van die vroegste kerkraadnotule van die N.G. Gemeente Graaff-Reinet wil dit voorkom of daar op kerklike gebied 'n mate van bestendigheid geheers het tot omstreeks 1866, toe ds. Andrew Murray oorlede is en opgevolg is deur sy seun Charles. Vader en seun het altesame twee-en-tagtig jaar in hierdie gemeente gedien. As in gedagte gehou word dat ds. Murray na Suid-Afrika gestuur is om instrumenteel te wees in die verengelsingsbeleid van Somerset, dan staan die Afrikaner verras wanneer hy uit die notule en ander argivaliese stukke met hierdie Anglo-man kennis maak. Hy was 'n groot Christen; begenadig met 'n onkreukbare karakter, roepingsbewustheid en regverdigheidsin. Alhoewel sy eie huistaal Engels was, het hy lewensbeskoulik in menige opsig verboers geraak.

Die gemeentelede was konserwatief, streng en wars van nuwighede. In 1865 het 'n versoekskrif, geteken deur 60 gemeentelede, voor die Kerkraad gedien waarin ontevredenheid te kenne gegee is met die wyse waarop die Engelse orrelis die orrel bespeel en die sang begelei. „Hy het op die Engelse manier gespeel: vinnig en kortaf." Hierdie petisioenarisse het versoek dat voorsiening gemaak word „dat in die toekoms zulks tot meer algemeene stichting geschieden."[20] Die saak is op die Kerkraadsvergadering van 5 Junie bespreek. Die besluit om orrelis J. L. Viner af te dank, was eenparig. Ds. Andrew Murray het die Kerkraad in hulle

---

[19] David Heller: *Further researches in Cape Silver,* Kaapstad, 1962.
[20] Kaapse Kerkargief (K.K.A.) G6 1/3; 1842-1873.

besluit gesteun. Hierna is 'n Afrikaanse „orgalist," Johanna F. Luttig, in diens geneem.[21]

In 1866 is ds. Andrew Murray oorlede en deur sy seun Charles opgevolg. Hy was sterker Anglo-Saksies gesind as sy vader. Gedurende sy dienstermyn het die verdeelde lojaliteit onder die Afrikaners sterker na vore gekom en 'n kulturele dualisme in Afrikanergemoed is gekweek — 'n dualisme wat duidelik soos 'n magnesiumdraad deur die soms donker geskiedenis van die kerklike lewe van Graaff-Reinet loop. Ds. Charles Murray was ook meer „verlig" en soms behep met Engelse modernisme en liberale idees. Ongelukkig moet ek my hier beperk tot slegs enkele hoogtepunte in sy dienstermyn. Ook sal gepoog word om aan te dui dat kulturele dualisme in die gemeente toegeneem het — dermate dat dit in die 20ste eeu tot 'n kultuurbotsing en kerklike skeuring gelei het.

Een van die gebruike wat deur die Murrays ingevoer is, was Engelse aanddienste in die N.G. Kerk — gewoonlik deur hulleself waargeneem. Hierdie gebruik het langsamerhand tradisie geword. Oor die algemeen het die gemeente genoeë geneem, totdat die stadium bereik is waar sommige die situasie met argwaan bejeën het. Gevolglik besluit die kerkraad dat die speel op die gemeentelike kerkorrel deur Engelse orreliste by die Engelse dienste verbied word. Ook mag die Engelse orreliste nie op die Kerkorrel oefen nie.[22] Ds. Charles Murray het sy invloed laat geld om hierdie besluit herroep te kry — en daarin geslaag, behoudens die volgende voorwaarde deur die Kerkraad gestel: die koster moet die Kerk oopsluit en deurentyd toesig hou oor die verrigtinge van die Engelse orrelis wat weeksaande wil oefen.

In 1880 is die Afrikanerbond gestig. Hierdie organisasie het ook sy invloed op Graaff-Reinet laat geld. In 1883 het 'n brief van die Afrikanerbond voor die Kerkraad gedien, waarin versoek word dat die kwessie van Hollands in die Kerkskool, na afloop van die Kerkdiens deur die gemeente bespreek moet word.[23] Die tak van die Bond het beswaard gevoel oor die N.G. Kerkskool met Engels as voertaal. Vir hulle was dit ongerymd. Ds. Murray was duidelik onthuts oor hierdie versoek, want hy „spreekt zijn gevoelen duidelijk uit . . ." en hy reël hulle versoek buite orde — sonder enige bespreking deur die Kerkraad.

*Taalstryd: Die Christelijke Hollandsche Vereeniging*

Die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die Jameson-inval van Januarie 1896 het ongetwyfeld die ontwakende Afrikanernasionalisme, in besonder onder die jeug, aangestu. Op alle terreine van die kultuurlewe was daar woelinge; baie bestaande gebruike en tradisies wat 'n bedreiging vir die Hollandse taal en Dietse kultuureie ingehou het, is bevraagteken en selfs beveg.

Op 22 November 1896 het talle jeugdiges in die Bondsaal vergader. „Zij kwam op als iemand die waarlijk geïnspireed werd door de liefde

---

21 Kaapse Kerkargief (K.K.A.) G6 1/3; 1842-1873, 4 Sept. 1865.
22 K.K.A.; Notule 4 Maart 1872; G6 1/3.
23 K.K.A., Notule 12 Maart 1883, G6 1/3.

voor hunne taal; geïnspireerd door het ware Afrikanerisme."[24] Hulle het eenparig geëis dat die Kerkraad versoek word om die Engelse dienste wat Sondae in die N.G. Kerk gehou word, te verbied, „in belang van hulle dierbare moedertaal" — ten gunste van godsdiensoefeninge, uitsluitlik in Hollands. Uit die warm besprekings op die vergadering kan 'n nugtere sintese gemaak word: doelbewuste aanslag op die Afrikaner-identiteit deur middel van Engelse kerklike en kultuurorganisasies wat ou gevestigde Hollandse verenigings en organisasies stelselmatig afkraak, verdring en laat verdwyn. Verskeie sprekers het gewag gemaak van die kulturele tweespalt, versaking van eie identiteit, die selfvergenoegdheid en berekende verengelsing van die Afrikaner. So byvoorbeeld, was die *English Endeavour Society* grootliks verantwoordelik vir die Engelse aanddienste in die N.G. Kerk — terwyl in die Engelse kerke op Graaff-Reinet daar nie 'n woord Hollands gebesig is nie. Die ondergang van die Hollandse taal was ter sprake. Die jongelinge is „manhaftig" aangemoedig om die Engelse dienste te vermy, want „wij, Afrikaners waren waterdragers voor den Engelschen boom."[25]

*Anglo-Boereoorlog*

Die Tweede Vryheidsoorlog het uitgebreek: „Dit het die Afrikaanse kultuur in al sy vertakkinge, en in besonder die Afrikaanse taal tot nuwe groei gestimuleer. Die Afrikanerdom wat deur die Tweede Vryheidsoorlog tot ontwaking geroep is, was in teenstelling met die Afrikanerdom van voor die oorlog, nie slegs bewus van sy roeping op staatkundige gebied nie, maar ook van sy taak op kulturele gebied."[26] Ook Graaff-Reinet het sy offers gebring na die vlam van hierdie kultuurstryd. Kulturele en nasionale ontwaking was allerweë te bespeur. Groot was die skok vir ds. Charles Murray toe ouderling J. F. du Toit op 8 Januarie 1900 kennis gee van 'n mosie wat hy op die gemeentevergadering van 5 Maart gaan indien: Aangesien daar in die laaste jare veel ontevredenheid in hierdie gemeente bestaan oor die Engelse dienste in ons kerk . . . „zo besluit de Kerkeraad dat voortaan alle godsdienstoefeninge zowel in den avond als in die voor- en namiddag in de Kerk zul worden in de Hollandsche taal verrigt." Ds. Charles Murray het hierdie voorstel met alle middele tot sy beskikking probeer beveg. Selfs sy kompromievoorstel dat daar dan 'n „kort" Engelse aanddiens na afloop van die Hollandse diens gehou sou word, is eenparig deur die Kerkraad verwerp. Diep bewoë het ds. Murray daarna „vryheid" gevra om 'n opmerking te maak: Hy (ds. Murray) het meer as veertig jaar in een of ander Kerkraad gedien, maar nog „nimmer uit Zijn (Christus zijn) Hand eene beker moeten nemen zoo bitter als deze."[27]

*Nuwe Tydvak*

Na die Rebellie (1914) en die Eerste Wêreldoorlog was daar ook op Graaff-Reinet twee duidelik onderskeibare politieke strominge. Vanaf

[24] *Onze Courant,* 22 November 1896.
[25] *Onze Courant,* 22.11.1896.
[26] Breytenbach, J. H., *Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog,* 1949, bl. 67.
[27] K.K.A., Notule 5 Maart 1900, G6 1/6.

1919 was dit duidelik dat daar hernieude onrus in Afrikanergeledere aan die broei was. Hulle het mekaar ook dikwels gekonfronteer. Op Sondag, 3 Augustus 1919, het dr. B. B. Keet[28] sy bekende „Vredespreek" gelewer waarin hy sy kommer uitgespreek het oor die vredesvoorwaardes van die Eerste Wêreldoorlog. Op Maandag, 4 Augustus, het 'n deputasie van vyf-en-twintig lede van die S.A. Party vir dr. Keet ontmoet en beswaar aangeteken teen sy preek.[29]

In die heftige bespreking wat daarop gevolg het, is woorde soos „seksies", „skeuring" e.a. dikwels gebruik. Dr. Keet se slotsom was: „Ek moet my oortuiging uitspreek — en ek sal dit doen, al loop die Kerk ook leeg . . ." Met hierdie kloekmoedige optrede teen die S.A.P.-manne, het dr. Keet vir hom groot bewondering by gemeentelede afgedwing. Op Woensdag, 9 Augustus, het 'n groot aantal dogters en moeders 'n oorkonde en geskenk aan dr. Keet oorhandig — asmede 'n dankbetuiging aan „'n man wat sy man kan staan!"[30]

*Taalstryd: Afrikaans*

Reeds in 1916 is op die Sinode voorstelle ingedien om Afrikaans naas Hollands as amptelike taal van die Kerk erken te kry.[31] Op die daaropvolgende Sinodesitting het die voorstanders van Afrikaans (onder andere ds. J. F. Naudé), daarin geslaag om Afrikaans sy regmatige plek in die Kerk te laat inneem.[32] Op 6 November 1919 het die Kaapse Sinode Transvaal se voorbeeld gevolg.[33]

Die erkenning van Afrikaans as amptelike taal naas Hollands, het 'n nuwe fase in die kultuurstryd van die Afrikaner ingelui. Vir die bejaarde Afrikaners was Afrikaans as kanseltaal onaanneemlik; vir ander was dit vernederend; dit sou besondere aanpassingsvermoë verg. Daarenteen het die nuwe bedeling (Afrikaans) aan diegene wat hulle in die „ander" stroom van genl. Hertzog se Tweestroom-beleid gewerp het, 'n ideale uitkoms gebied om hulle afvalligheid van die Afrikaanse kultuur en eie identiteit te regverdig.

Ds. D. P. M. Olivier van die Gemeente Langlaagte was die eerste leraar wat in Oktober 1919 in die N.G. Kerk op Graaff-Reinet in Afrikaans gepreek het.[34] Na afloop van die dienste het ds. (emeritus) Gerrit van Niekerk beswaar gemaak teen ds. Olivier se „ontheiliging van die kansel met sy kombuistaal." Hierna het ds. Van Niekerk 'n skrywe aan die Kerkraad gerig waarin hy petisies van gemeentelede teen die gebruik van Afrikaans bepleit. Die Kerkraad het sy versoek van die hand gewys.[35]

In April 1920 het die Kerkraad gunstig gereageer op 'n versoek van die Vereniging Jong Suid-Afrika dat daar een keer per maand in Afrikaans

---

28 Leraar op *Graaff-Reinet:* 1916-1920.
29 *Onze Courant,* 7.8.1919; K.K.A., Notule 6.10.1919; G6 1/7.
30 *Onze Courant,* 7.8.1919.
31 Acta Sinodi, 27.5.1916.
32 Acta Sinodi, 2.5.1919.
33 Acta Sinodi, 6.11.1919.
34 Persoonlike mededeling deur ds. (emeritus) D. P. M. Olivier, Huis Pam Brink, Strand, K.P., Jan. 1972.
35 K.K.A.; Notule 12 Mei 1919, G6 1/7.

gepreek word. Die Kerkraad het hulle na die Sinodale besluit verwys. Dit staan die betrokke prediker vry om te besluit of hy in Afrikaans of Hollands wil preek.[36]

Op 11 April 1921 het die kerkraad ds. J. F. Naudé, voorheen van die gemeente Piet Retief, beroep.[37] Alle korrespondensie tussen die Kerkraad en ds. Naudé is in Afrikaans gevoer. By sy ontvangs was alle oorkondes en toesprake — insluitende dié van 'n Engelse leraar! — in Afrikaans.[38]

Op 6 Junie 1921 is ds. Naudé deur die Kerkraad verwelkom. Na aanleiding van 1 Kor. 15:18 het hy gesê: „Die standvastigheid en onbeweeglikheid moet wees soos 'n boom wat buig en meegee, maar nooit uit sy staanplek wyk nie."[39] Hierdie woorde was in werklikheid vir hom 'n rigsnoer. Sy lewe het daarvan getuig. As Afrikaner, oud-stryder en rebel was hy geestelik en patrioties stewig veranker.

Ds. Naudé het sy intreepreek in Afrikaans gelewer — niksvermoedend van die drama wat hom in talle gemoedere in die Kerk afgespeel het nie. Na afloop van die diens het talle kerkraadslede hom bedank vir sy preek in Afrikaans en die wens uitgespreek dat hy so sou voortdoen.[40] Later is verneem dat een van ds. Murray se dogters onder die preek uit die Kerk gestap het. Teenoor ds. A. F. Louw het sy haar gevoelens gelug: „To think that he (ds. Naudé) is going to use Kitchen Dutch in my father's pulpit! I'd rather send my child to a Roman Catholic church than to let him listen to this Kitchen Dutch."

Dit was die begin van 'n sewejaar-lange stryd in die gemeente. Leiers van 'n anti-Afrikaanse beweging op Graaff-Reinet het ds. Naudé kom besoek en opgewonde, met gebaar en heftige taal, gewaarsku teen daardie Hotnotstaal van die kansel. „Redenering het nie gebaat nie. Toe het ek hulle verwys na die Kerkraad, wat tog bekend is met toestande in die gemeente en deur wie ek my sal laat lei, . . . maar hulle antwoord was: dis 'n lot Nasionaliste wat vir ons uitgeskop het; ons wil niks met hulle te doen hê nie. Daarop het ek belowe om af en toe nog te probeer in Nederlands preek, mits hulle sal bly sit onder die Afrikaanse preke sowel as die ander onder die Nederlandse preke. Ook dit was vir hulle onaanneemlik."[41]

Die geesdrif vir Afrikaans het nou momentum gekry. En hoe gloedvoller die geesdrif, des te groter die verwydering tussen die twee groepe in die gemeente. Selfs die waarnemende orreliste, mev. De Ville (geb. Murray), kon nie haar wrewel jeens Afrikaans in bedwang hou nie. Op Sondagaand, 17 Julie, het sy na die preek van 'n besoekende predikant, ds. Van Velden, die Engelse volkslied in magtige akkoorde gespeel asof dit 'n konsert was wat afgesluit word. Maandag, 18 Julie, het die Kerkraad

---

36 K.K.A.; Notule 26 April 1920, G6 1/7.
37 K.K.A.; Notule 11 April 1921; G6 1/7.
38 „Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet" 1921-1928, bl. 2.
39 K.K.A.; Notule 6 Junie 1921, G6 1/7.
40 „Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet," 1921-1928, bl. 2.
41 Ds. J. F. Naudé in „Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet," 1921-1928, bl. 3.

hulle ontsteltenis daaroor te kenne gegee en besluit dat mev. De Ville nie weer die orrel sal bespeel nie.[42]

*Jingoïsme*

Dat ds. Naudé diep bekommerd was oor die verdeeldheid in die gemeente, kan afgelei word uit sy onvermoeide ywer om die geskille by te lê. Die beswaardes of protesterendes het doelgerig afgestuur op 'n skeuring deur middel van klagskrifte en petisies onder gemeentelede.[43] Ds. Naudé het samesprekings met ander leraars gevoer. „Die meeste het my houding goedgekeur, maar enkeles het gemeen dat ek nie moes voorgestel het om nog af en toe Nederlands te preek nie, daar die Kerk hier te doen het met 'n vitterige en rustelose element besiel met 'n jingoistiese gees, wat al jare lank moeilikheid maak," aldus ds. Naudé.[44]

*Skeuring*

Die koeël was deur die Kerk. Dit was 'n lang en bittere stryd. Persoonlike vetes is ook opgerakel. Dit is egter 'n afsonderlike onderwerp; daarom word dit hier nie verder bespreek nie. Ten besluite net dit: Op 4 September 1927 het die dolerendes afgestig onder die naam „Protesterende Nederduits Gereformeerde Gemeente, Graaff-Reinet" (nou bekend as die Nuwe Kerk) nadat ongeveer sewehonderd lidmate die Ou Kerk (nou die Groot Kerk) verlaat het.[45]

In September 1927 het die Protesterende Gemeente ds. A. F. Louw van Bloemfontein beroep. Daar hy egter 'n beroep na Stellenbosch aangeneem het, het hy op 23 Oktober 1927 per telegram geantwoord: 2 Kron. 25:9: „De Heer heeft meer dan dit om u te geven . . ."[46]

Vandag is daar harmonie, rus, vrede en volkome samewerking tussen die gemeentes. Die geskille is bygelê en die strydbyl is begrawe. Die stryd het wasdom gebring. Die tyd het reeds die meeste wonde geheel. By die oues van dae lê die herinnering nog taamlik vlak — maar die jonges het die nuwe bedeling betree.

*Onderwys*

Inmiddels het ds. Naudé hom onvermoeid beywer vir die erkenning van Afrikaans in die skole. Ook dít het die gemeenskap in beroering gebring. Maar die stryd om die taalregte van die Afrikanerkind is aangeknoop en deurgevoer. Ook hier het ds. Naudé groot dryfkrag en idealisme geopenbaar. Hy het onder andere geëis dat sy kinders deur medium van Afrikaans onderrig word. Na 'n kort, maar hewige stryd, is sy bemoeienis met hierdie saak met groot welslae bekroon toe die „Boys College" en die „Midland Seminary" geamalgameer het onder die naam Hoër Volkskool — met Afrikaans as voertaal.[47]

---

42 K.K.A., notule 18 Julie 1921, G6 1/7.
43 K.K.A., notule: Spesiale Vergadering; 17.4.1922 G6 1/7.
44 „Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet", bl. 3.
45 *Die Kerkbode,* 30 Maart 1928. Ook K.K.A.. notules: 25.8.1927, 6.10.1927 e.a. G 6/9.
46 Wagner, J. B.; *Geskiedenis van die Protesterende N.G. Gemeente Graaff-Reinet.* (ongepubliseer), bl. 6.
47 Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet, bl. 5.

In 1925 het ds. Naudé se Kerkraad besluit dat die „volksverteenwoordiger" van die kiesafdeling die Provinsiale Raad moet versoek om onverwyld reg te laat geskied aan moedertaalonderrig, „daar dit van uiterste belang is vir die opvoeding van die kind."[48] Op hierdie versoek het die Kaapse Onderwysdepartement op 24 Junie geantwoord — in Engels. Die Kerkraad besluit derhalwe om die brief te negeer en hulle op dr. D. F. Malan te beroep ter verkryging van hulle taalreg: Afrikaans.[49] Op 11 Augustus het hulle weer eens 'n skrywe van die Onderwysdepartement ontvang — hierdie keer in Afrikaans!

*Voor Vrijheid en Recht*

Die kultuurstryd wat na 1795 begin het, het in 1899 tot 'n kultuurbotsing en titaniese militêre konfrontasie gelei tussen die magte van nasionalisme en imperialisme. „Die oorlog het aan ons volk veel vernedering, onnoemlik veel smaad en die bitterste smart berokken . . ."[50]

Talle Afrikaners van Graaff-Reinet het hulle saam met hulle broers in die Noorde in die stryd gewerp, wel wetende dat hulle gevaar loop om as rebelle gefusilleer te word by gevangeneming. Maar die drang na pligpleging was groter as hierdie wolk van vrees. Daarom staan daar op die hoek van Donkin- en Somersetstraat, 'n pragtige marmermonument ter ere van die agt helde wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur die Britse magte as rebelle tereggestel is. Hulle name is: P. J. Fourie, J. B. L. van Rensburg, L. F. S. Pfeiffer: 19.8.1901; D. F. Olwagen en J. W. Nel: 26.8.1901; J. H. le Roux: 7.10.1901; Komdt. Gideon Scheepers: 18.1.1902; J. F. Geldenhuis: 14.2.1902.

Na die Vrede van Vereeniging het talle Graaf-Reinetters begin stappe doen of fondse vir die oprigting van so 'n monument in te samel. Vervolgens is 'n komitee saamgestel wat met die reëlings belas was. Baie ingesetenes was van mening dat die kerkterrein die aangewese plek vir so 'n monument sou wees; dog, vanweë die politieke verdeeldheid in die gemeente, het die Kerkraad dit gerade geag om die versoek nie toe te staan nie.[51] Daarna het die komitee hom tot die stadsraad gewend vir 'n stukkie grond op Kerkplein, agter die huidige stadsaal waar die doodvonnis uitgspreek is, maar ook dit is geweier. Uiteindelik het mnr. Jurie Laubscher die genoemde stukkie grond vir die oprigting van die komitee geskenk. Hierdie grond is aan die Kerkraad getransporteer.[52] Die herbegrafnis het op 2 Desember 1908 plaasgevind en die onthulling van die monument op dieselfde dag. Hulde is gebring aan talle persone en verenigings vir hulle bydraes en gebaar. Die voorsitter het gewag gemaak van Hollandse Debatsvereniging wat die traliewerk vir die kerkhof en die doodkiste geskenk het; mnr. Schimper wat die grafsteen gratis opgerig

---

48 K.K.A., notule 2 Maart 1925, G6 1/8.
49 K.K.A., notule 25 Junie 1925, G6 1/8.
50 Breytenbach, J. H., *a.w.*, bl. 69.
51 K.K.A.; Notule 15.7.1907; G6 1/6 en 17.9.1907.
52 K.K.A.; notule 18.7.1908; G6 1/6.

het, en veel meer. Ds. P. G. J. Meiring het 'n lang brief van pres. M. T. Steyn voorgelees waarin hy onder meer gesê het: „Zij zochten niet naar ere en vochten niet voor loon, maar werden gedreven door een gevoel van recht en gerechtigheid." Talle telegramme van hoogwaardigheidsbekleërs is hierna gelees.[53]

En op hierdie monument, wat terselfdertyd ook kan dui op die langdurige oënskynlik tevergeefse stryd van Graaff-Reinet om sy vryheid en selfbeskikkingsreg, lees ons die volgende inskripsie: „Ter nagedachtenis aan de gevallende in die stryd voor Vryheid en Recht, Anglo-Boerenoorlog 1899—1902."

Dr. P. G. Nel.

---

[53] „Die lewe in die Middellande 11.9.1952"; artikel deur J. C. Loock: Ook *The Graaff-Reinet Advertiser,* 6.11.1958.